# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (19/17)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

*Justin Chadwick 2 Junie 2017*

***"Beware of the man who works hard to learn something, learns it, and finds himself no wiser than before... He is full of murderous resentment of people who are ignorant without having come by their ignorance the hard way" Kurt Vonnegut***

## WES-KAAP DESPERAAT VIR REËN

Inwoners van die Wes-Kaap staar ernstige waterbeperkings in die gesig soos damme leeg raak. Vir sitrusprodusente kan dit die vrugset van die 2018-oes beïnvloed (2017-oes nie dramaties beïnvloed omdat voldoende water gedurende verlede jaar se vrugset beskikbaar was). Bid asseblief vir spoedige winterreëns.

## COMRADES MARATHON

Sterkte aan almal wat die "intercity fun run" gaan hardloop - die Comrades-marathon; net sowat 90 km! Kan diegene van die sitrusfamilie wat gaan hardloop my laat weet hoe dit gegaan het.

## DIE "FRUIT INDUSTRY VALUE CHAIN ROUND TABLE (FIVCRT)"

Op Dinsdag hierdie week het die FIVCRT vir die 13de keer vergader - die FIVCRT bring verteenwoordigers van die georganiseerde vrugtebedryf, regering, arbeid en ander rolspelers saam om kwessies van gemeenskaplike belang te bespreek. Hierdie vergadering was 'n oorsig van die aktiwiteite tot op datum - sedert die ontstaan sowat vier jaar gelede. Toepaslik het die vergadering met 'n minuut van stilte begin vir Billy Morokola, die mede-voorsitter wat vroeër vanjaar tragies oorlede is. Billy sal onthou word as 'n passievolle "driver" van die FIVCRT, hy sal gemis word.

Die FIVCRT het ses werksgroepe - en elkeen het terugvoering tot op datum gegee. Die ses werksgroepe dek handel, indiensneming en werkerswelsyn, navorsing en tegnies, hulpbronne, transformasie en plaaslike mark. As voorsitter van die Handelswerkgroep (TWG) was dit my verantwoordelikheid om die verslag te lewer. Die samestelling van die handelswerkgroep het ontwikkel namate die besigheid van die groep ontvou het. Bedryf word verteenwoordig deur CGA, HORTGRO, SATI, SUBTROP, FPEF en Fruit SA. Staatsbelanghebbendes sluit DTI, DAFF en DIRCO in. Staatsagentskappe sluit PPECB en NAMC in, terwyl ondersteuningsdienste deur BFAP en Agbiz verteenwoordig word. Arbeid word deur FAWU verteenwwordig. Ook genooi is verteenwoordiging van die Wyn- en Brandewyn-round table aangesien daar baie ooreenkomste in ons werk is.

Alle lede is verbind tot die werk van die TWG en die bywoning is goed. In beide 2015 en 2016 het die TWG vier vergaderings gehou. Twee werkswinkels is gehou - in 2016 het 'n werkswinkel die prioriteite in terme van teikenmarkte, geleenthede en uitdagings uitgepluis. In 2017 is 'n werkswinkel gehou om na Afrika-markgeleenthede en -uitdagings te kyk. Hierdie werkswinkels help om die aktiwiteite van die TWG te lei.

'n Belangrike item in die TWG se opdrag is om verhoudings en kommunikasie tussen bedryf, regering en arbeid te verbeter. Daar was aansienlike vooruitgang in hierdie verband; 'n protokol / reëls van betrokkenheid ten opsigte van oorsese afvaardigings is ontwikkel en onderteken (tussen DAFF en FSA), asook 'n sekonderingsooreenkoms. Daar was vergaderings om te verseker dat daar geen duplisering tussen die werk van die TWG en ander handelsplatforms bestaan nie. Die HUB van FSA is nou deel van die Bestuurskomitee van die HUB se Forum - 'n sleutelposisie in kommunikasie tussen die bedryf en DAFF. Meer inligting oor die vordering van die FIVCRT sal in latere nuusbriewe volg.

## GEPAK EN VERSKEEP

Die Pomelo-fokusgroep het hierdie week vergader en hul voorspelling effens opwaarts aangepas - alles afhanklik van die kwaliteit van die vrugte, aangesien produsente probeer om vrugte langer te laat hang en die seisoen te versprei.

Dit is 1 Junie en 20% van die vrugte is in bokse - 'n besoek aan FPT Durban gister was 'n ervaring: die fasiliteit is 97% vol en almal werk hard om voertuie af te laai, vrugte te inspekteer, vrugte te stoor en die mees belangrikste om plek te maak vir inkomende vragte.

| Tot Einde Week 21 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | **Gepak** | Verskeep | **Verskeep** | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/Agrihub** | 2015 | 2016 | **2017** | 2016 | **2017** | 2017 | 2017 | 2016 |
| Pomelo | 7.6 m | 5.8 m | **8 m** | 3.7 m | **4.9 m** | 15.6 m | 15.3 m | 13.2 m |
| Sagte Sitrus | 4 m | 5.3 m | **4.4 m** | 4.1 m | **3.2 m** | 13.2 m | 13.5 m | 12.2 m |
| Suurlemoene | 6.3 m | 7.1 m | **8.2 m** | 6.1 m | **6.3 m** | 17.5 m | 17.5 m | 15 m |
| Nawels | 4.1 m | 6.3 m | **4.3 m** | 3.7 m | **2.1 m** | 26.3 m | 22.9 m | 26.2 m |
| Valencia | 0.1 m | 0.2 m | **0.4 m** | - | **-** | 50.1 m | 49.4 m | 41.8 m |
| Totaal | 22.1 m | 24.7 m | **25.3 m** | 17.6 m | **16.5 m** | 122.7 m | 118.6 m | 108.4 m |